

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD		12	
DATUM		MEI/JUNIE 2025	
VAK		GEOGRAFIE	
VRAESTEL		2	
PUNTETOTAAL		150	
TYDSDUUR (UUR)		3	
AANTAL BLADSYE		18	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** vrae.

AFDELING A

VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTING (60 PUNTE)

VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE (60 PUNTE)

AFDELING B

VRAAG 3: KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE (30 PUNTE)

2. Beantwoord **AL DRIE** vrae.
3. Laat 'n lyn oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord is.
4. Begin **ELKE** vraag bo-aan 'n **NUWE** bladsy.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
6. Beantwoord vrae in **VOLSINNE**, behalwe waar jy moet noem, benoem, identifiseer of lys. Skryf in volsinne wanneer paragraafvrae beantwoord word.
7. Meeteenhede **MOET** in jou finale antwoord aangedui word. bv.1020 hPa, 14 °C en 45 m.
8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer jy opdrag gegee word om dit te doen.
9. Jy kan 'n nie-programmeerbare sakrekenaar en 'n vergrootglas gebruik.
10. Jy mag **NIE** 'n skaal liniaal gebruik **NIE**.
11. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

AFDELING B: BYKOMENDE INSTRUKSIES EN INLIGTING

12. Uittreksels van 'n 1:50 000 topografiese kaart **2327DA LEPHALALE** en 'n 1:10 000 ortofotokaart **2327 DA 18 LEPHALALE**, van 'n deel van die gekarteerde gebied, word verskaf.
13. Die posisie van kenmerke word aangedui met hoofletters **G, H, I ...** ens. op die topografiese kaart en nommers **1, 2 ...** ens. op die ortofotokaart, indien van toepassing.
14. Toon alle berekeninge. Punte word toegeken vir die berekeninge/stappe en **NIE** volpunte slegs vir die korrekte antwoord **NIE**. Die korrekte vervanging moet vir die vermelde formule aangedui word.
15. Gee die topografiese kaart en ortofotokaart aan die einde van die eksamensessie aan die toesighouer terug.

AFDELING A

VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

- 1.1 Pas die verduideliking in **KOLOM B** by die korrekte term in **KOLOM A**. Skryf slegs die korrekte letter (A–K) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in jou ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Lineêre dorpie	A	Ontwikkel by padkruisings.
1.1.2	Stedelike uitbreiding	B	Stedelike gebied wat goedere en dienste aan die omliggende landelike bevolking verskaf.
1.1.3	Ligging	C	Uitbreiding van stedelike gebiede na landelike gebiede.
1.1.4	Aansluitingsdorp	D	Die werklike fisiese plek wat 'n nedersetting inneem.
1.1.5	Standplaas	E	Plase wat ver van mekaar geleë is.
1.1.6	Poort(gapings)- dorp	F	Ligging van nedersetting in verhouding tot sy omgewing.
1.1.7	Sentrale plek	G	Kom voor by rivierkruisings.
1.1.8	Verspreide nedersetting	H	Geleë langs 'n rivier wat almal toegang tot water gee.
		I	'n Stedelike nedersetting wat ontwikkel waar 'n bergreeks onderbreek word.

(8x1) (8)

- 1.2 Kies die term uit die lys wat korrek ooreenstem met die verduidelikings. Skryf slegs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.7) en die korrekte antwoord in jou ANTWOORDBOEK neer. Jy mag elke term net een keer gebruik.

gehuggie, konurbasie, dorpie, dorp, geïsoleerde plaasopstal, metropool, stad, megalopolis

- 1.2.1 Die mees basiese nedersettingstipe wat uit 'n paar geboue bestaan.
- 1.2.2 Groot gebiede van onderling verbonde (interkonnektiewe) dorpe en stede.
- 1.2.3 'n Groot stedelike sentrum wat gespesialiseerde dienste soos 'n katedraal en verskeie hoë-ordefunksies bied.
- 1.2.4 'n Groot multifunksionele stedelike gebied wat bestaan uit 'n groot stad en sy naburige dorpe en voorstede.
- 1.2.5 'n Redelike groot boerderygemeenskap wat baie lae-orde funksies het.
- 1.2.6 Die kleinste stedelike nedersetting wat lae-orde funksies en 'n paar hoë-orde funksies bied.
- 1.2.7 Klein bevolking met slegs lae-orde funksies. (7x1) **(7)**

1.3 Die uittreksel en die kaart verskaf inligting oor landelike ontvolking.

Bowesdorp was voorheen 'n dorp tussen Garies en Springbok (60 km suid van Springbok), op die N7-hoofweg. Dit is op die plaas Wilgenhouts kloof gestig en vernoem na Henry Bowe, 'n dokter in Namakwaland. Geleë in 'n nou vallei tussen hoë berge, was daar nie genoeg water of ruimte vir uitbreiding nie, en die kerk, poskantoor, polisiestasie en winkels is na Kamieskroon, 7 km daarvandaan, verskuif.




The map shows a vertical road labeled 'N7' connecting 'Springbok' at the top to 'Garies' at the bottom. 'Bowesdorp' is located on the road between Springbok and Kamieskroon. 'Kamieskroon' is located on the road between Bowesdorp and Garies. Arrows point from the labels to their respective locations on the map.

[Bron aangepas vanaf: Bowesdorp – Wikipedia]

- 1.3.1 Definieer die konsep *verlate dorp*. (1x2) (2)
- 1.3.2 Haal uit die uittreksel 'n bewys aan wat Bowesdorp as 'n poort(gapings)- dorp beskryf. (1x1) (1)
- 1.3.3 Waarom het die inwoners van Bowesdorp die dorp verlaat? (2x2) (4)
- 1.3.4 In 'n paragraaf van **8 tot 10** reëls stel volhoubare strategieë voor om landelike ontvolking in Bowesdorp te verminder. (4x2) (8)

(15)

1.4 Die diagram illustreer veranderende grondgebruik en grondwaardes binne 'n stad.



[Bron: [slideshare.net/slideshow/bid-rent-curve/](https://www.slideshare.net/slideshow/bid-rent-curve/)]

- 1.4.1 Gee TWEE aktiwiteite wat op die diagram genoem word wat dit kan bekostig om in die Sentrale Sakekern (SSK) geleë te wees? (2x1) (2)
- 1.4.2 Waarom is die grondwaardes so hoog in 'n SSK? (1x2) (2)
- 1.4.3 Verduidelik hoe 'n streekswinkelsentrum by A die grondwaardes in daardie gebied sal beïnvloed. (1x2) (2)
- 1.4.4 a) Noem TWEE aktiwiteite wat buite die stadsgrens gevind word. (2x1) (2)
- b) Waarom word hierdie aktiwiteite (VRAAG 1.4.4 a)) hier gevind? (1x2) (2)
- c) In watter grondgebruiksone word hierdie aktiwiteite (VRAAG 1.4.4 a)) gevind? (1x1) (1)
- 1.4.5 Verduidelik hoe grondwaardes, soos in die diagram getoon, 'n invloed op die stedelike profiel het. (2x2) (4)

(15)

1.5 Die foto hieronder illustreer stedelike verval.



[Bron: litazidepa.files.wordpress.com]

- 1.5.1 Definieer die term *stedelike verval*. (1x2) (2)
- 1.5.2 a) In watter grondgebruiksone word stedelike verval gewoonlik gevind? (1x1) (1)
- b) Waarom word hoë grondwaardes in hierdie grondgebruiksone aangetref? (VRAAG 1.5.2 a)) (1x2) (2)
- 1.5.3 Gee EEN bewys op die foto dat stedelike verval plaasgevind het. (1x2) (2)
- 1.5.4 Beskryf hoe stedelike verval 'n negatiewe ekonomiese impak op 'n gebied kan hê. (2x2) (4)
- 1.5.5 Stel TWEE oplossings voor wat munisipaliteite kan instel om stedelike verval te bestuur. (2x2) (4)
- (15)**

TOTAAL VRAAG 1: [60]



VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde gegee op die volgende vrae. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.7) in jou ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.1.8 D.

2.1.1 ... is 'n ekonomiese aktiwiteit wat verband hou met die primêre sektor.

- A Mynbou
- B Onderwys
- C Watervoorsiening
- D Nywerhede

2.1.2 ... nywerhede word naby die verbruiker aangetref.

- A Markgeoriënteerde
- B Grondstofgeoriënteerde
- C Ongebonde
- D Brug

2.1.3 Die groepering van soortgelyke ekonomiese aktiwiteite, wat afhanklik is van mekaar, staan bekend as ...

- A agglomerasie.
- B sentralisasie.
- C desentralisasie.
- D nasionalisering.

2.1.4 Die ... sektor van die ekonomie is nie gereguleer en vir belasting geregistreer nie.

- A formele
- B tersiêre
- C informele
- D primêre



2.1.5 Ruimtelike ontwikkelingsinisiatiewe (ROI) is gebaseer op bestaande ...

- i) industriële streke.
- ii) vervoerroetes.
- iii) onderbenutte geleenthede.
- iv) internasionale handel.

- A i, ii, & iii
- B ii, iii & iv
- C i, iii & iv
- D i, ii & iv

2.1.6 Die produksie van yster en staal is 'n ... ekonomiese aktiwiteit.

- A primêre
- B sekondêre
- C tersiêre
- D kwaternêre

2.1.7 Konstruksie is 'n voorbeeld van 'n ... ekonomiese aktiwiteit.

- A primêre
- B sekondêre
- C tersiêre
- D kwaternêre


(7x1) (7)

- 2.2 Pas die term in **KOLOM B** by die verduideliking in **KOLOM A**.
 Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.8) in jou ANTWOORDBOEK neer, bv. 2.2.9 J.

KOLOM A	KOLOM B
2.2.1 Inkomste wat deur 'n land deur uitvoere gegenerer word.	A. Tersiêre sektor
2.2.2 Die hoofdoel vir die kusligging van motornywerhede.	B. Navorsing
2.2.3 Ekonomiese aktiwiteit gemoeid met die ontginning van grondstowwe.	C. Bruto Binnelandse Produk
2.2.4 Uitruil van goedere en dienste tussen lande.	D. Mynbou
2.2.5 Goedere wat die land binnegebring word.	E. Uitvoermark
2.2.6 Die ekonomiese sektor wat verband hou met die verskaffing van vervoer.	F. Buitelandse valuta
2.2.7 Kwaternêre ekonomiese aktiwiteit.	G. Internasionale handel
2.2.8 Die totale waarde van alle goedere en dienste wat in een jaar binne 'n land geproduseer word.	H. Invoere
	I. Bruto Nasionale Produk

(8x1) **(8)**

2.3 Die grafiek hieronder toon steenkoolproduksie en verkope tussen 2003 en 2012:



[Bron: DMR, Directorate Mineral Economics]

- 2.3.1 Hoeveel miljoene ton steenkool is in 2007 geproduseer? (1x1) (1)
- 2.3.2 In watter jaar was plaaslike verkope die hoogste? (1x1) (1)
- 2.3.3 a) Beskryf die tendens van steenkoolmynproduktiwiteit. (1x1) (1)
- b) Bespreek TWEE faktore wat die tendens moontlik gemaak het, waarna in VRAAG 2.3.3 a) verwys word. (2x2) (4)
- 2.3.4 Noem die hawe waardeur steenkool uitgevoer word. (1x2) (2)
- 2.3.5 Verduidelik waarom steenkool so belangrik is in die ekonomie van Suid-Afrika. (3x2) (6)

(15)

2.4 Verwys na die infografika oor die Gqberha/Kariega (Port Elizabeth/Uitenhage) nywerheidstreek.

Nelson Mandelabaai Munisipaliteit is aan die suidoostelike kus van Afrika in die Oos-Kaap geleë. Die Nelson Mandelabaai Metropolitaanse Munisipaliteit is gevorm as 'n administratiewe gebied wat Gqberha (Port Elizabeth), die naburige dorpe Kariega (Uitenhage) en Despatch, en die omliggende landbougebiede dek. Nelson Mandelabaai is 'n groot seehawe en motorvervaardigingsentrum.

Die Coega Nywerheidsontwikkelingsone (NOS) is binne die munisipaliteit geleë. Hierdie multimiljard-dollar industriële ontwikkelingskompleks is aangepas vir swaar, medium en ligte nywerhede. Dit is aangrensend aan 'n diepwaterhawe, die hawe van Ngqura, en beslaan 110 km² grond. Die stad se unieke voordeel om twee hawens te besit, naamlik Port Elizabeth Hawe en Ngqura, skep 'n geleentheid vir die stad om 'n sterk en lewendige maritieme sektor te vestig.

Handel in Desember 2023 oor al die hawens:

Uitvoere		Invoere	
Mangaan-erts	R1,72 miljard	Algemene goedere	R1,43 miljard
Sentrifuges	R888 miljoen	Motors	R1,3 miljard
Wol	R592 miljoen	Reaktore en katalisators	R763 miljoen
Motors	R743 miljoen	Voertuigonderdele	R581 miljoen
Onderdele en bykomstighede	R213 miljoen	Verfynde petroleum	R511 miljoen

[Bron aangepas vanaf: <https://www.google.com/search?q=Exports+from+The+harbour+of+Port+Elizabeth+for+2023>; https://www.statssa.gov.za/?page_id=993&id=nelson-mandela-bay-municipality]

- 2.4.1 Noem die *nuwe* hawe wat naby Gqberha (Port Elizabeth) gebou is. (1x1) (1)
- 2.4.2 Verduidelik waarom wol deur die Gqberha -hawe uitgevoer word. (1x2) (2)
- 2.4.3 Lys TWEE bykomende produkte wat deur Gqberha (Port Elizabeth) uitgevoer word. (2x1) (2)
- 2.4.4 Gee TWEE faktore wat die ontwikkeling van die Gqberha /Kariega (Port Elizabeth/Uitenhage) streek bevoordeel het. (2x1) (2)
- 2.4.5 In 'n paragraaf van **8 tot 10 reëls**, bespreek die ekonomiese uitwerking van toenemende meganisasie op die bevolking in die gebied en hoe hulle toestande vir hulself kan verbeter. (4x2) (8)

(15)


2.5 Die infografika verwys na die informele ekonomiese sektor.

Die informele sektor word dikwels beskou as oorlewings- en bestaansgebaseerd. Die volgende inligting is egter ingesamel – voedselbesighede is R87 miljard per jaar werd, (smouse kan 3 000 tot 6 000 vetkoeke per dag verkoop @R1 vir 6 dae per week, en 60% van verkope by varsproduktemarkte gaan na informele voedselverkopers), agterkamerhuur is R30 miljard per jaar werd, die tradisionele genesingsbedryf is R3 miljard werd, die spaza-sektor is R250 miljard werd en haarversorging en salonne lewer ook groot bydraes.

Ten spyte van die groot bedrae geld wat gemaak word, word die sektor steeds deur plaaslike en regeringsamptenare beperk. Min het verblyfsekerheid, fasiliteite soos water, riool en elektrisiteit, operasionele veiligheid vir hulself en hul goedere, hulle het nie maklik toegang tot finansiering nie, en werkers het min toegang tot mediese versekering, vakbondverteenvoordiging en werkloosheidsvoordele.

[Bron aangepas vanaf: KasiNomic Revolution by GG Alcock]

Indiensnemingspersentasies volgens sektor in 2013 en 2019:



Ligging van informele besighede volgens persentasie:

Geen vaste ligging nie / mobiel	17,8	In 'n ander persoon se woning	3,6
Voetpaadjie / straat / oop ruimte	12,3	Binne die eienaar se woning	25,9
Taxistaanplek/bus/treinstasie	4,7	Binne eie ruimte / struktuur verbonde aan eienaars se woning	26,1
Nie-residensiële gebou	5,8	Ander ligging	3,8

[Bron aangepas vanuit: <https://www.statssa.gov.za/publications/Report-03-10-23>]

- 2.5.1 Noem die TWEE afdelings van die informele ekonomie wat in die uittreksel genoem word wat die meeste geld genereer. (2x1) (2)
- 2.5.2 Waarom het die persentasie mense wat in die informele sektor werksaam is, toegeneem? (1x2) (2)
- 2.5.3 Gee TWEE redes waarom informele ekonomiese aktiwiteite plaasvind sonder 'n permanente ruimte om in te werk. (2x2) (4)
- 2.5.4 Waar is die “agterkamerhuur” gewoonlik geleë? (1x1) (1)
- 2.5.5 Stel voor hoe die plaaslike owerhede en die regering toestande kan verbeter vir diegene wat in die informele ekonomie werk. (3x2) (6)
- (15)**

TOTAAL VRAAG 2: [60]

AFDELING B

VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

Verwys na die Addendum.

3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

- 3.1.1 Die koördinate vir hoogtepunt (kolhoogte) 887 in blok **C3** op die topografiese kaart is ...
- | | | | |
|---|---------------|----------------|-----------|
| A | 23° 41' 36" S | 27° 34' 32" O. | |
| B | 27° 35' 18" S | 23° 36' 40" O. | |
| C | 23° 41' 36" S | 27° 35' 36" O. | |
| D | 27° 41' 14" S | 23° 36' 50" O. | (1x1) (1) |
- 3.1.2 Gee die mees dominante primêre aktiwiteit wat op die topografiese kaart gevind word. (1x1) (1)
- 3.1.3 Die kontoerinterval op die ortofotokaart is ...
- | | | |
|---|-------|-----------|
| A | 5 m. | |
| B | 10 m. | |
| C | 15 m. | |
| D | 20 m. | (1x1) (1) |
- 3.1.4 Identifiseer die kenmerk wat by **1** op die ortofotokaart gevind word. (1x1) (1)
- 3.1.5 Waarom is die struktuur gemerk **2** op die ortofotokaart nuttig om die tyd van die dag te bepaal? (1x1) (1)
- 3.1.6 Bepaal die ware peiling vanaf die reservoir in blok **D3** tot by die reservoir op die plaas Hangklip in blok **C5**, op die topografiese kaart. (1x2) (2)
- 3.1.7 Bereken die reguitlynafstand in kilometers (km) vanaf hoogtepunt (kolhoogte) 893 in blok **C1** tot hoogtepunt (kolhoogte) 887 in blok **C3**, op die topografiese kaart. (3x1) (3)

(10)

3.2 KAARTINTERPRETASIE

- 3.2.1 Watter mineraal word in Lephalele ontgin? (1x1) (1)
- 3.2.2 Beskryf die funksie van die vervoerband wat in blok **A3**, **A4** en **A5** op die topografiese kaart voorkom. (1x1) (1)
- 3.2.3 Die mynhope in blok **A1**, op die topografiese kaart, veroorsaak omgewingsongeregtighede.
Stel TWEE maatreëls voor wat mynmaatskappye kan implementeer om hierdie omgewingsongeregtighede te verminder. (2x2) (4)
- 3.2.4 a) Identifiseer die belangrikste tersiêre aktiwiteit wat op die ortofotokaart gevind word. (1x1) (1)
- b) In watter grondgebruiksone van die nedersetting is hierdie tersiêre aktiwiteit (antwoord op VRAAG 3.2.4 a)) geleë? (1x1) (1)
- 3.2.5 Identifiseer die straatpatroon in blokke **A6** en **A7** op die topografiese kaart. (1x2) (2)
- 3.2.6 Gee TWEE redes waarom die nedersetting in blokke **A6** en **A7** as n beplande nedersetting beskou kan word. (2x1) (2)
- (12)**

3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

3.3.1 Verskaf 'n term vir die volgende definisie:

“Die omskakeling van verskillende stelle data uit verskillende bronne in een standaardformaat vir maklike berging en interpretasie.” (1x1) (1)

3.3.2 Gee die funksie van die buffersone gemerk **3** op die ortofotokaart? (1x1) (1)

3.3.3 Gee EEN voorbeeld van elk van die volgende wat in blok **C7** op die topografiese kaart gevind word:

a) Natuurlike lynvoorwerp/-funksie

b) Mensgemaakte poligoon (2x1) (2)

3.3.4 Twee opsies is voorgestelde terreine vir 'n winkelsentrum, **F** in blok **A4** en **G** in blok **C6** op die topografiese kaart.

Verduidelik hoe die gebruik van GIS nuttig kan wees om jou keuse te maak. (2x2) (4)

(8)

TOTAAL VRAAG 3: [30]

GROOTTOTAAL: [150]

HIERDIE BLADSY IS SLEGS VIR ROFWERK.